## Flitskaarte van sigwoorde

**Wat is sigwoorde?**
Sigwoorde is woorde wat die hele tyd gebruik word. **Met net 250 sigwoorde kan 60–75% van ALLE leesmateriaal gelees word.** Die kind moet hierdie woorde onmiddellik kan herken en lees sodat dit onnodig is om die woorde te klank. Voorbeelde van Afrikaanse sigwoorde is: **is**, **en**, **ek**, **op**, **die**, **'n** en **sit**.

Op **bladsy 9 in die uithaalboek word flitskaarte verskaf van sigwoorde** wat die kind ná die eerste kwartaal vlot moet kan lees – en korrek moet kan skryf. Teen die einde van die jaar moet die kind die eerste 100 woorde vlot kan lees en skryf. In hierdie boek word net flitskaarte van die eerste sigwoorde gegee omdat dit te veel plek opneem. Maak asseblief self flitskaarte van die ander sigwoorde – dis maklik. Die woordlys word onderaan hierdie bladsy verskaf om die res van die nodige flitskaarte te maak.

Sodra die kind die klanke in die sigwoord ken, word die woord oor en oor met 'n verskeidenheid speletjies geoefen totdat die kind dit onmiddellik herken en vlot kan lees.

**Hier is 'n paar idees vir speletjies wat met die sigwoorde gespeel kan word:**

### Speletjie 1: "Op jou merke!"

Gebruik die stophorlosie op jou selfoon om te kyk hoe lank dit die kind kos om die flitskaarte te lees. Doen dit elke dag en kyk hoe die kind verbeter. As dit beter is as die vorige dag, kry die kind 'n ster op 'n kaart. Tien sterre verdien 'n prys, soos 'n stokkielekker.

### Speletjie 2: "Ek is doodseker jy kan nie!"

Flits die kaarte vir die kind om te lees, maar kombineer dit met 'n opdrag waarin die kind hulle liggaam moet gebruik en die aksie demonstreer, byvoorbeeld: "Ek is doodseker jy sal nie die woorde kan lees as jy . . .
- op jou stoel staan nie."
- op jou tafel staan nie."
- jou een oog met jou hand toe hou nie."

En natuurlik is u sprakeloos dat die kind dit kan doen – en maak direk daarna die opdrag moeiliker. Byvoorbeeld: "Ek is doodseker dat jy nie die woorde kan lees as jy op een been staan nie. O? Jy kan! Maar ek is doodseker jy sal dit nie kan doen as jy op een been staan met 'n boontjie- of potloodsakkie op jou kop nie."

### Speletjie 3: "Slaan die woord morsdood!" ('n speletjie vir meer as een speler)

1. Sit 'n klompie sigwoorde in 'n oop ruimte soos teen 'n muur of op 'n vloer.
2. Elke speler kry 'n vel koerantpapier wat opgerol is om 'n stywe buis te vorm.
3. Sê nou een van die sigwoorde. Watter speler kan die woord eerste met die koerantbuis "doodslaan"? Hulle mag die sigwoordkaartjie hou.
4. Wie het aan die einde van die speletjie die meeste sigwoordkaartjies? Gelukkige wenner!

### Speletjie 4: "Raak aan my!" ('n speletjie vir meer as een speler)

1. Die spelers staan in 'n ry langs mekaar, 'n ent van u af. Flits die sigwoorde. Onthou, die flitskaarte in die boek is te klein vir hierdie speletjie. U sal self groter flitskaarte moet maak.
2. Die speler wat die woord eerste kan lees, mag een tree vorentoe gee; die ander bly staan waar hulle is. Die speler wat eerste aan u kan raak, is die wenner.

**Sigwoorde per kwartaal**
Sigwoorde word eers aangeleer wanneer die kind die klanke ken waarmee die woord geskryf word. In Graad 2 is dit genoeg as die kind die eerste 100 woorde aanleer. Verdere woorde word in Graad 3 aangeleer.

**Kwartaal 1 – eerste 40 sigwoorde**
sit, is, 'n, die, en, in, ons, sê, van, as, vir, dan, dit, dis, kan, sal, al, ek, lus, ken, wil, was, met, min, kom, om, op, wys, kyk, my, by, af, hy, hom, het, nog, jy, ja, lig, net

**Kwartaal 2 – 80 sigwoorde (40 nuwe woorde)**
wees, een, weer, meer, weet, nee, bus, ses, tel, weg, som, soos, ook, voor, oor, loop, tog, vol, los, of, kos, maar, daar, waar, aan, gaan, jaar, dat, vas, vat, wag, wat, mag, sag, pas, ma, pa, na, so, te, se

**Kwartaal 3 – 100 sigwoorde (20 nuwe woorde)**
bly, staan, groot, pad, gee, saam, eers, lyk, twee, hê, lê, sy, laat, maak, haar, geen, nie, hier, sien, wie, drie

| Sigwoorde | Spelwoorde |
|---|---|
| om 'n die sê ken<br>kom by af ja lig<br>net wat het nog | rot jok res lug wen dom nar<br>min vat kul rus vol jas dam<br>byl sit lyf jag tel ruk lag |

## 'n Rympie


Ek wip op, ek wip af,
ek is so laf!

Ek sit, ek hop,
ek staan op my kop!

Ek rek, ek lag,
dis 'n lekker dag!



1. Kyk mooi na die prente en sê die woorde. Kleur die **prente** met **dieselfde rymwoord** met **dieselfde kleurpotlood** in.



2. Lees die woorde in die eerste ry blokkies. Soek hulle **rymwoorde** in die onderste ry en kleur die blokkies met rymwoorde wat **bymekaar pas dieselfde kleur** in.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| las | kos | kop | tol | bus | lyf | mes | lek |
| nek | wol | ses | bos | kas | stop | vyf | rus |

**Oor hierdie bladsy:** Oefen eers om die sig- en spelwoorde so vinnig moontlik te lees en skryf. Beklemtoon die drieletterrymwoorde wanneer u die leesles voorlees. Indien u die *Nuwe Alles-In-Een*-reeks gebruik, word die lees- en skryfwerk op Dag 5 gedurende Klasbegeleide Lees gedoen.
**Prentwoordeskat:** Opdrag 1 – pet + net; mat + kat; ses + mes; dam + kam; mus + bus.